higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGBESTUUR N6

(4110396)

28 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGBESTUUR N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Uitstel	A	word gebruik elke keer wanneer 'n aankoop met 'n debietkaart gemaak word
1.2	Motivering	B	voltooiing van take in volgorde van belangrikheid
1.3	Finansiële staat	C	laat jou toe om meer te spandeer as wat daar in jou rekening is
1.4	Elektroniese fondsoorplasing	D	magtiging gegee aan die beoogde begunstigde van die betaling om die debiet-inskrywing elke maand teen jou rekening te versoek
1.5	Persoonlike identifikasienommer	E	wil ons laat werk, meer spesifiek, harder laat werk
1.6	Afwyking	F	magtiging deur 'n kliënt aan die bank om 'n vaste bedrag op gereelde tussenposes af te trek
1.7	Tydbestuur	G	om iets uit te stel, te verskuif of te laat oorstaan
1.8	Debietorder	H	spanderingsplan waarop al die lede besluit het
1.9	Stoporder	I	rekord van alle inkomste en uitgawes
1.10	Oortrokke fasiliteit	J	verskil tussen werklike en verwagte syfers
		K	ouers moet hierdie metode gebruik om gelde te betaal

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Om 'n tjek veiliger te maak en te verhoed dat dit gewissel word, kan jy twee parallelle lyne daaroor trek of jy kan dit kruis.

2.2 'n Rantsoenskaal is 'n misbare hulpmiddel om 'n gebalanseerde dieet te verskaf.

2.3 Koeldranke moet met versoete vrugtesappe vervang word.

2.4 'n Spyskaart is 'n lys geregte en bygeregte wat in 'n spesifieke volgorde ná 'n ete voorgesit word.

2.5 'n Spyskaartsiklus is 'n reeks spyskaarte wat opgestel, neergeskryf, gebruik en oor 'n tydperk van drie tot vyf weke afgewissel word.

2.6 'n Dempkleed demp die klank van messegoed en breekgoed.

2.7 'n Tafeldoek met 'n ligte kleur moet slegs vir die drie- tot vyfjarige groepe gebruik word.

2.8 Kinders mag rooibostee kry om te drink.

2.9 Moet nooit koeksoda by kookwater voeg om die kleur van groen groente te behou nie.

2.10 Vee die doekruilarea gereeld met 'n ontsmetmiddel af.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Ontwikkeling van 'n abnormale reaksie op spesifieke kos

3.2 Veroorsaak deur 'n tekort aan insulien, wat beteken dat die liggaam nie koolhidrate en suiker kan verwerk nie

3.3 Word veroorsaak deur meer te eet as wat die liggaam verlang

3.4 Om skriftelike toestemming van ouers te kry voordat enige kind op 'n uitstappie geneem word

3.5 Minimum aantal persone wat verlang word om 'n vergadering behoorlik te konstitueer

3.6 Siekte wat veroorsaak word as gevolg van 'n tekort aan vitamine D en gebrek aan blootstelling aan die son

Kopiereg voorbehou

3.7 Word veroorsaak deur 'n dieet wat hoog is in koolhidrate en laag in proteïen

3.8 Ernstige toestand vanweë 'n tekort aan proteïen en kilojoules waar kinders se oë en wange ingesonke is

3.9 Bestaan hoofsaaklik uit water en meel met geen voedingswaarde nie

3.10 Verlang 'n minimum vloerarea van ses vierkant meter om 18 babas te akkommodeer

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat in hakies verskaf word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 'n Versekeringspolis is 'n kontrak wat tussen die versekerde en die (polishouer/versekeraar) aangegaan word.

4.2 Die vel in die area van 'n (gewone/oop) breuk is nie gebreek nie.

4.3 (WVF/Openbare aanspreeklikheid) sal vir mediese uitgawes betaal wat spruit uit 'n besering wat by die dagsorgsentrum opgedoen is.

4.4 Eiendom word eers deur die (assessor/assessering) van die versekeringsmaatskappy geïnspekteer en dan word die waarde van die eiendom vasgestel.

4.5 Aangesien eiendom en inhoud gewoonlik teen 'n aantal risiko's verseker word, staan hierdie kontrak bekend as (versekering van die gebou en inhoud/ omvattende versekering).

4.6 Die verhouding van kindersorgwerkers tot kinders in die drie- tot vyfjaargroep is (1:15/1:25).

4.7 Die proeftydperk is die tyd wanneer die (werknemer tyd afgegee word om te studeer/nuwe werknemer noukeurig geëvalueer word).

4.8 Werwing is die proses waartydens ('n deeglike soektog vir die mees geskikte persoon uitgevoer word/die mees geskikte persoon gekies word).

4.9 Hoofstuk 6 van die Wet op Kindersorg 74 van 1983 gaan hoofsaaklik oor (verlating van kinders/toesig van pleegkinders).

4.10 Hoofstuk 8 van die Wet op Kindersorg 74 van 1983 gaan oor die (registrasie van kinderhuise en versorgingsplekke/onwettige verwydering van kinders).

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1	Bespreek 10 verantwoordelikhede van 'n kosbestuurder.	(10)
5.2	Bespreek AGT idees vir gesonde eetgewoontes by kinders.	(8)
5.3	Gee 10 wenke aan die kosbestuurder aangaande die koop en bestel van kos.	(10)
5.4	Waarom is rekords van alle finansiële transaksies nodig?	(5)
5.5	Gee DRIE nadele van 'n gerekenariseerde boekhoustelsel vir 'n kleiner besigheid.	(3)
5.6	Wat is die doel van voorraadbeheer?	(4)
5.7	Bespreek die proses van voorraadopname.	(7)
5.8	Noem DRIE idees vir fondsinsameling.	(3)
		[50]

VRAAG 6

6.1	Verduidelik die rol van die bestuurder in die onderwys-versorger omgewing.	(5)
6.2	Noem VYF bestuurstake wat goed saam funksioneer om regtig suksesvol te wees.	(5)
6.3	Gee VYF pligte van 'n onderwyser-versorger.	(5)
6.4	Noem SEWE maniere om konflik te hanteer.	(7)
6.5	Noem VYF voorsorgmaatreëls om te oorweeg wanneer noodhulp toegepas word.	(5)
6.6	Verduidelik hoe verdrinking verhoed kan word in die onderwys-versorger omgewing.	(5)
6.7	Noem VIER oorsake van brandwonde.	(4)
6.8	Hoe kan 'n mens die gewoonte van uitstel loskom?	(5)
6.9	Noem VIER aktiwiteite wat tyd steel.	(4)
6.10	Noem VYF negatiewe uitwerkings van stres.	(5)
		[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1	Gee VYF riglyne vir 'n buitenshuise speelarea.	(5)
7.2	Noem VIER higiënebeginsels wat 'n onderwys-versorger moet volg.	(4)
7.3	Gee 10 riglyne vir 'n veiliger kombuis.	(10)
7.4	Watter VYF voorsorgmaatreëls moet getref word om 'n gifvrye omgewing vir babas te verseker?	(5)
7.5	Watter AGT maatreëls moet oorweeg word om die welstand van 'n siek kind te verseker?	(8)
7.6	Watter AGT higiëne-gewoontes moet die kinders wat jy versorg aanleer?	(8)
7.7	Watter 10 stappe moet gevolg word in die geval van 'n bomdreigement?	(10)
		[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou